

Sondag 19 Januarie

Skrifgedeelte: 2 Samuel 2

Fokusgedeelte: 2 Samuel 2:1

Vra wat die Here wil

Dawid se lewe verander van vlugteling na koning. Saul het eiesinnig begin handel. Hy offer self en wag nie op die Here se profeet nie. By Dawid, die skaapwagter sonder aansien, sien ons iets heeltemal anders. Die Here maak hom koning, want sy innerlike lyk anders. Die Here sal, ten spyte van Dawid se sonde, 'n koning hê na sy Vaderhart. Opvallend is dat Dawid niks doen sonder om die Here te raadpleeg nie. En hy is baie spesifiek in sy vrae: Moet ek na Juda toe gaan? En nadat die Here bevestigend antwoord, vra hy: Na watter stad in Juda moet ek gaan? Die Here stuur hom na Hebron. Dat Dawid baie na aan die Here wil lewe, is die kern van sy koningskap en dit onderskei hom van Saul.

Hebron is 'n baie betekenisvolle plek. Dit is waar Abraham, die vader van die gelowiges, en Sara begrawe is (Gen. 23, 25). Isak, Jakob, Rebekka en Lea is ook hier begrawe. Dit is die stad wat die hoogste geleë is in Israel, en is ongeveer 30 km suid-suidwes van Jerusalem. Dit was ook een van die vrystede in Israel. Dit is die enigste deel van die beloofde land wat Abraham ooit besit het.

Dit is die plek waar Dawid se koningskap begin. Hy regeer sewe en 'n half jaar hier. Hier word vir hom ses seuns gebore. Hebron is geleë in 'n vrugbare landbougebied. Dawid se troonsbestyging in Hebron is sinnebeeld van die Here wat seën en voorspoed gee. Dawid wil saam met die Here lewe. Ons ken sy liedere in die Psalmbundel wat getuig van die vaste vertroue en geloof wat hy in die Here het. Dawid het waarlik onder die leiding van die Heilige Gees geleef.

Maar daar is ook 'n baie hartseer deel van Dawid se vroeë regering. Dit is die voortslepende konflik tussen Saul se nageslag en Dawid, en hoe dit uiteindelik alle mense in Israel en Juda raak. Dawid word egter deurgaans as beginselvas geteken. Hy is ook vrygewig: hy betoon simpatie met Saul se familie. Dit oortuig nie vir Abner, die hoof van Saul se leër, nie. 'n Hewige geveg breek tussen Israel en Juda uit. Broer veg teen broer. Gelowige teen gelowige. Hoe hardvogtig kan ons nie soms wees nie. Daarom moet ons na die wil van die Here vra in ons afhanklikheid van die Heilige Gees se lig en leiding.

Die Here Jesus Christus het teenstand ondervind omdat Hy aan sy Vader gehoorsaam wou wees. Die Fariseërs wou Hom doodmaak daarvoor. As gelowiges moet ons altyd vra waarmee ons regtig besig is. Is ons nog regtig kerk wat 'n impak in die samelewing maak? Ons moet die Blye Boodskap van versoening en vergifnis bly verkondig. Vra eerste: Is dit God se wil, of my eie wil?

Sing: Psalm 48-1:5

Ds. SP Venter (Sarel) (Pietersburg)